

REFORMASIE 500 (Artikel 14): 'MY HART OFFER EK AAN U, ...'

"My hart offer ek aan U, Here, onmiddellik en opreg ..."

Dit is die woorde van Johannes Calvyn, een van die bekendste kerkhervormers. Sy bydrae was enorm en sy teologie het 'n groot invloed uitgeoefen op die NG Kerk.

Calvyn is op 10 Julie 1509 in Noyon, Frankryk gebore. Sy ouers het beplan dat hy 'n loopbaan in die kerk sou volg, maar Calvyn wou regte studeer. Hy is op twaalf na Parys waar hy aan die Collège de la Marche begin studeer het. **Hy was 'n ywerige student en daar word vertel hoe hy alles wat hy daagliks nuut geleer het, saans voordat hy gaan slaap het herhaal het, net om in die oggend die vorige dag se lesings weer te herhaal.**

Calvyn het sy meestersgraad in 1526 in Parys behaal en daarna sy regstudie aan die universiteit in Orléans voortgesit. Twee jaar later is hy na Bourges om onder die leiding van 'n beroemde Italianer, Andreas Alciati, verder te studeer.

Dit is hier waar Calvyn in aanraking gekom het met 'n Duitse protestant, Melchior Wolmar. **Wolmar het hom aan Grieks en aan die Griekse teks van die Nuwe Testament bekendgestel – iets waarvoor in Calvyn se woorde, "ek hom nie genoeg kon bedank nie".**

Hoewel ons nie weet waar en wanneer dit gebeur het nie, beskryf Calvyn sy bekering as 'n skielike gebeurtenis "soos wat met Paulus gebeur het". In sy eie woorde: **"God het my hart onderwerp en nederig gemaak."** Dit het daartoe gelei dat Calvyn met die Katolieke Kerk gebreek het. Hy moes Parys verlaat en het in Basel gaan bly waar hy begin het om sy teologie te formuleer.

In 1536 is die eerste uitgawe van *Die Institusie van die Christelike geloof* gepubliseer. **Dit was 'n kort duidelike verdediging van die teologie van die Reformasie.** In 1537 is Calvyn op versoek van Guillaume Farel na Geneve om die Reformasie daar te help vestig. Daar het hy begin om 'n sigbaarder **"Stad van God" in Europa te bou.**

Sy lewe was egter nie net maanskyn en rose nie. Tydens sy laaste siekbed in 1564 het hy opgemerk: "Ek het hier 'n merkwaardige worstelstryd gevoer; snags is ek spottend deur 50 of 60 geweerskote voor my deur begroet. Jy kan dink hoe dit 'n arme geleerde soos ek sou verskrik."

Ten spyte van hierdie gebeure, het Calvyn se teologie die gang van die geskiedenis van die kerk onherroeplik verander.

Geskryf deur Prof Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).



JAARTEMA:

Sáám volg ons Christus

Junie 2018

Om die outeur van die Bybel te ontmoet

Lees asseblief eers 1 Tessalonisense 2: 13-16 voordat u aandag aan die onderstaande gee (geskryf deur Gerjo Ben; geen kopiereg - mag gratis versprei word).

"Dit voel soms of daar soveel opinies oor die Bybel is soos wat daar mense op die aarde is. Mense haal sogenaamde waarhede uit die Bybel wat my laat wonder hoe hulle dit regkry, want dis soms die teenoorgestelde van dit wat ek daarin lees.

Ek weet ons moet ruimte hê vir mekaar, want ons elkeen kom met 'n ander bril na die Bybel en sien dinge verskillend. Ons moet besef dat ons opvoeding, ons ouers, vriende, die kerk waarin ons aanbid en nog vele meer die bril vorm waardeur ons na die Woord van God kyk. **Die bril wat ons dra bepaal die beeld en boodskap wat ons kry.**

En soms is die bril nie heeltemal effektief nie. Ek dra 'n bril en ek kan nie altyd sien as my bril vuil is nie. Ek moet eers die bril afhaal om te sien dat dit nie skoon is nie. Die vuilheid gee 'n verdraaide of dowwe beeld van die werklikheid. **So is die bril waardeur ek na die Bybel kyk ook vuil en moet ek dit eers afhaal en skoonmaak om weer 'n duidelike beeld van God se Woord te kry...** Dit impliseer selfondersoek... **Ons elkeen het 'n verantwoordelikheid om seker te maak dat ons met die regte oë na God se Woord kyk.**

En dit begin juis hier: Ons moet erken dat dit God is wat aan die Woord is. Op 'n manier het God se Woord deur die jare sy Goddelike karakter verloor, aldus die manier hoe mense deesdae daarmee omgaan. Ek wonder baie keer of God nog betrokke is by ons interpretasie van Sy woord.

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Kom ons begin almal by die een vertrekpunt: Die Bybel is God se woorde. Dis deur God geïnspireer en daarom is dit Goddelik van aard. Mag die volgende in 1 Tessalonisense 2 ook van ons gesê word. ***13Ek kan nie ophou om vir God dankie te sê oor julle nie. Toe julle begin glo het wat ons vir julle oor God vertel het, het julle nie slegs 'n paar menslike opinies oor God aanvaar nie. Nee, julle het die lewende God se woord aangeneem. En julle is reg, want dit is regtig die woord van God***”.

Ja, dit is regtig die Woord van God. Wanneer ons dus met God se Woord omgaan, moet ons dit as God se woorde hanteer. Daarom is dit heilig. Daarom het ons respek en daarom het ons 'n verantwoordelikheid om reg daarmee om te gaan. Dit is 'n groot verantwoordelikheid, want ons het 'n invloed op baie mense in wie se lewe ons dalk 'n rol speel. Ons wil tog nie die oorsaak wees dat hulle bril vuil is nie. Of hoe?

Ons moet ruimte maak vir Sy Gees om ons te help om reg te sien. Gelukkig is ons nie alleen nie: ***13” ... Hy (God) self werk nou in julle almal wat glo***”.

Liewe Lidmaat van Rietfontein-Suid: Mag dit waar wees van my en jou lewe. Mag ons meer as net opinies hê oor God, mag ons deur Sy Woord hom rêrig leer ken en mag ons anders aan die ander kant uitkom, omdat ons die Outeur van die Bybel tussen die woorde persoonlik ontmoet het.

Om oor na te dink

Sien jy die Bybel as God se woorde?

Hoe lyk die bril waarmee jy na die Bybel kyk?

Hoe sien jy jou verantwoordelikheid om die Bybel in die strate te gaan uitleef?

Gebed

Vader, dankie vir U Woord. Dankie dat ons U daardeur kan leer ken. Help ons om ons verantwoordelikheid na te kom en vir die mense daar buite gaan wys wat in U Woord staan. Amen.

Groete in Christus, Ds Leon TaiT

GELUKKIGE VADERSDAG 17 JUNIE 2018



WILL JY GRAAG JOU EIE BELASTING OPGAWE DOEN?

Basiese belasting opgawe seminaar op 9 Junie 2018, 09:00 – 16:00 by NG Kerk Rietfontein-Suid.

SKAKEL VANDAG EN BESPREEK JOU SITPLEK!!!

Koste R350 (vinger maaltyd ingesluit)

Skakel Leon Venter by 074 862 6678 of hatfieldaccounting@xsinet.co.za.

Webtuiste: www.hatfieldaccounting.co.za



Die Beledenisklas van 2018 het 'n lekker Bokjol aangebied op 12 Mei vir oud en jonk. Die saal se versiering was uit die boonste rakke. Verder was daar lekker musiek, en verversings. Baie dankie aan elkeen wat hard gewerk het om dit so 'n sukses te maak.



Like ons Facebook blad by:
[facebook.com/rieffontein.suid.jeug/](https://www.facebook.com/rieffontein.suid.jeug/)



---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **2 Junie:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **17 Junie:** Vadersdag, kinders woon oggenddiens by.
Youthbash om 18:00
- ♦ **22 Junie:** Skole sluit
- ♦ **7 Julie:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **17 Julie:** Skole open
- ♦ **29 Julie:** Gemeente-tee na oggenddiens
Youthbash om 18:00

Sien jou daar!



Baie dankie vir elkeen wat tot Meimaand se Pinksteroffer bygedra het, asook warm klere / komberse / baadjies ens. vir armes t.o.v die wintertyd geskenk het.

Indien u nog nie kans gehad het om u Pinksteroffer te gee nie, of u wou nog iets warm skenk, is u steeds welkom om dit te doen. Warmgoed kan by die kerkkantoor ingegee word, en u Pinksteroffer kan gesit word in enige koevert gemerk "Pinksteroffer", wat u dan tydens 'n erediens in die kollektiebord kan plaas.

BOOMSLOPING & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

FAMILIE-BEDIENING - Kinders

Jaar tema

Die jaar tema vir 2018 is die **Wapenrusting van God** soos in Efesiërs uiteengesit. Sien ook die res van die kwartaal se program, gesels gerus ook tuis met die kinders daaroor.

Kinders is welkom om volgens die tema van die dag aan te trek (bv. belt) en hulpmiddels (bv. helm, swaard ens.) saam te bring. Ons sal ook enige insette en terugvoer baie waardeer.

Die Wapenrusting van God

Efesiërs 6



Ouer nuusbriëf

Hallo ouers, grootouers en kinders

Ons as toegewyde kategete kan nie alleen die Kinderbediening aanbied nie en dit is daarom vir ons belangrik dat ons saam met u as ouers en grootouers 'n **span** kan vorm om 'n suksesvolle Kinderbediening 2018 aan te pak.

Wat nog hierdie kwartaal gebeur:

Ons bied in samewerking met Petra Instituut vir Kinderbediening op **2 Junie** 'n werkswinkel **"Faith is caught, not taught"** aan vir kategete, kinderwerkers, ouers en belangstellendes. Kontak asseblief vir Talita Fourie vir verdere inligting.



Dawid en Goliath

Vadersdag is op 17 Junie en dan sing die kinders in die kerk. Hulle moet asseblief die dag 8:30 by die saal wees en nadat hulle gesing

het sit hulle by die ouers.

Ons gaan beslis hierdie kwartaal afsluit met 'n **Jollie-jubel** en hoop 'n paar ouers sal by ons aansluit en dit saam met ons geniet.

Groete Talita Fourie (076 107 9988)

PROGRAM

Dag	Datum	Aktiwiteit	Plek	Kern waarde
Sondag	27 Mei	Minidiens Les	Saal Klas	Geloof - Skild
Saterdag	2 Junie	Werkswinkel	Saal	"Faith is caught, not taught"
Sondag	3 Junie	Minidiens Les	Saal Klas	Geloof - Skild
Sondag	10 Junie	Jollie-jubel	Saal	Wapenrusting samevatting
Sondag	17 Junie	Vadersdag	Saal Kerk	Vadersdag



MARK

ELKE EERSTE SATERDAG VAN DIE MAAND

H/V 16DE & BEN SWART

9 TOT 13:00

Stalletjies & Karwas

NAVRAE: 076 137 5643




Die doel van die karwas is om vir werklose persone geleentheid te bied om iets te verdien asook dat jy persoonlike met hulle kan kontak hê. Die mark se doel is om persone uit die gemeenskap geleentheid te bied om inkomste of ekstra -inkomste te kan verdien. Veral aanvulling van pensioene.

Die stalletjies is gratis. Almal is welkom!